GRAAD 12 **TAALLLEER**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die **taalvrae** wat daarop volg:[1]

TEKS 2

1. DIKKE:	Oormôre. Vrydag.Mister Goldbury wil net die saak van die kind wat die
2.	slag in die Bos weggeraak het, opklaar ...
	***
3. FIELA:	Ek sal hom self Knysna toe vat.
4. LANGE:	(ongeduldig) Die magistraat wil hom Vrydag in die hof sien, dis oormôre!
5.	Dit sal jou minstens twee dae 1.3 _____ voet neem om daar te kom, en met
6.	die kind by jou nog langer!
	***
7. FIELA:	Dan ry ek saam met julle met die kar.
8. LANGE:	Daar's nie plek op die kar nie.
	***
9. FIELA:	... Benjamin gaan Knysna toe. (SELLING sit sy hand opBENJAMIN se
10.	kop.) Dit kan nie anders nie. Ek het oral gedink en ek kry nie 'n ander pad
11.	nie. Maar Saterdag sal hulle hom terugbring, sê ek vir julle. Hoor jy my,
12.	Benjamin? Saterdag sal hulle jou terugbring en die Here help hulle as hulle ooit
13.	weer hulle pote op hierdie werf sit! Ma stuur jou saam sodat die magistraat en
14.	die bosvrou jou kan bekyk en klaar kyk. En Ma belowe jou, jy sal nie
15.	nodig hê om jou kop anderkant daardie berg
	***
16. Benjamin:	Ma, ek is bang.
17. Fiela:	Jaag weg die bang ... ***
18. Fiela:	Die magistraat sal kyk dat hulle jou terugbring. Saterdag soos hulle gesê het.
19.	Die magistraat se woord is wet...

Taalstrukture

1.1 Gee die KORREKTE AFRIKAANSE woord vir “Mister” (reël 1).
1.2 Skryf die AFKORTING van Vrydag (reël 1)neer.
1.3 Vul die ontbrekende VOORSETSEl in.
1.4 Skryf Benjamin se woorde in reel 16 in die INDIREKTE REDE.
1.5 Gee die VERKLEINING van pad (reël 10).
1.6 Gee die MEERVOUD van hof(reël 4).
1.7 VERBIND die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Benjamin sê vir Fiela dat hy bang is. Sy sê hy moet die bang wegjaag. (maar)
1.8 Skryf die sin in reël 19 in die ONTKENNENDE VORM.
1.9 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
Nadat Benjamin saam met die sensusmanne weg is, het Fiela (elke dag) gebid dat hy terugkeer.
1.10.1 Gee die **INTENSIEWE VORM** van **bang**. (reël 16).
1.11 Gee die **VERGROTENDE TRAP** van die woord tussen hakies.
Benjamin se vir Fiela dat hy bang is, maar eintlik is Fiela nog (bang) oor wat

[1]RT Mitchell BHS

kan gebeur.

1.12 Dan ry ek saam met julle met die kar.
Skryf reël 7 in die **TOEKOMENDE TYD**.

1.13 Gee ‘n neutraler woord vir pote. (reël 13).

1.14 . Ek sal hom self Knysna toe vat.

1.14.1 Identifiseer DIE HOOF – EN HULPWERKWOORD in bostaande sin.

1.15 Gee ‘n SINONIEM van “minstens” (reël 5).